| Afrikaans Eerste Addisionele Taal | Graad 3 |
| --- | --- |
| Skool: ______________________________ | Naam: _____________________ |
| Datum: Junie 2019 | Tyd: 1 uur |
| Distrik: ______________________________ | Geslag: Seun/Dogter |
| EMIS Nr.: ____________________________ | Totaal: 30 |

**Lees die storie en antwoord die vrae:**

Karin en haar broer hou daarvan om met 'n bal te speel. Hulle speel met sokkerballe, rugbyballe en tennisballe. Hulle gooi die bal heen en weer in die erf.



Soms gaan hulle na die park, want daar is meer spasie om 'n bal te gooi.

Wanneer dit reēn speel hulle in die motorhuis. Die tennisballe hop lekker teen die muur.



Janko gaan na 'n sokkerkamp vir 'n week in die somer. Karin is hartseer, want sy gaan niemand hê om mee te speel nie.

Die week voor Janko vertrek, gaan hulle na die park. Hulle sien 'n dogtertjie wat alleen met 'n bal speel. Karin en Janko nooi haar om saam met hulle te speel. Haar naam is Ansie. Karin is bly dat sy nou 'n maat het om saam met haar te speel wanneer haar boetie weg is.

**1. Skryf 'n titel vir die storie.**

_______________________________________________________ **(1)**

Copyright reserved

**2. Wie is die hoofkarakters in die storie? (2)**

2.1 ______________________________ en

2.2 ______________________________

**3. Omkring die korrekte woord tussen hakies. (2)**

3.1 Janko en Karin speel met (**boontjiesakke / rugbyballe**).

3.2 Wanneer dit reēn speel hulle in die (**motorhuis / park**).

**4. Hoe lank gaan Janko by die kamp wees? (1)**

____________________________________

**5. Hoekom was Karin bly toe sy vir Ansie ontmoet? (1)**

Karin was bly toe sy Ansie ontmoet, want _____________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

**6. Skryf die sin oor met die korrekte leestekens. (3)**

6.1 Kobus is korter as tom Jan en Paul

____________________________________________________________

**7. Maak ‘n regmerk [√] langs die sin wat in die toekomende tyd geskryf is. (2)**

7.1

| | |
|---|---|
| Marie is vandag in Bloemfontein. | |
| Marie sal more in Bloemfontein wees. | |

7.2

| | |
|---|---|
| Ek sal môre ‘n brief vir my maat skryf. | |
| Ek skryf ‘n brief vir my maat. | |

Copyright reserved

## 8. Kies die korrekte klank om die woord te voltooi. (3)

| ee | oo | aa |
|---|---|---|

8.1 Piet **l** ____**s** 'n boek.

8.2 Ek eet **k** _______**s.**

8.3 Ons het 'n groot **b**_____**t.**

## 9. Gebruik "Hierdie" of "Daardie" om die sin te voltooi. (2)

9.1  ______________ is 'n padda.

9.2  _______________ is 'n mooi huis.

Copyright reserved

**10. Kyk na die piktogram hier onder en antwoord die vrae: (3)**

Kinders in die Gr 3 klas, in Thabang, vertel vir hul juffrou dat van hulle skool toe loop, ander ry fiets, ander ry met taxis en ander ry met die bus.




10.1 Die meeste leerders ______________ skool toe.

10.2 Die minste leerders kom na die skool met die __________________.

10.3 Hoekom loop meer leerders skool toe**?**

Meer leerders loop skool toe, want______________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

Copyright reserved



**11. Skryf 1 paragraaf van 6 sinne oor jou familie. (10)**

Copyright reserved

**TOTAAL: 10**

| Kriteria | 0 -1 punt | 2 punte | |
|---|---|---|---|
| **Inhoud** | Skryf 1 – 3 relevante sinne. | Skryf 4- 6 relevante sinne | |
| | **0-1 punt** | **2 – 3 punte** | **4 punte** |
| **Spelling en leestekens** | Swak spelling en gebruik van leestekens. Maak meer as 5 foute. | Min spelfoute<br>Gebruik meestal hoofletters en punte. (3 – 5 foute) | Uitstekende spelling en gebruik van leestekens. (0-2 foute) |
| **Taalstruktuur en Sinskonstruksie** | Beperkte woordeskat. Swak sinskonstruksie. | Voldoende woordeskat en sinskonstruksie. | Uitstekende taastruktuurl en sinskonstruksie. Gebruik saamgestelde sinne |

**TOTAAL: 30**

Copyright reserved